# Hoofstuk van die dag: 1 Kronieke 21

> *Satan was teen Israel. Hy het Dawid aangehits om 'n sensus van Israel te hou. (1 Kron 21:1)*

Ons lees hierdie selfde verhaal ook in 2 Sam 24. Die eerste vers verskil egter in die twee vertellings. In 2 Sam 24 lees ons dat *die Here* Dawid aangehits het om 'n sensus te hou, maar die Kronis sê dat dit *Satan* was (vers 1). Dit is 'n voorbeeld van hoe verskillende skrywers dieselfde gebeurtenis vertolk. Die Kronis het die duiwel se vingerafdrukke gesien in wat gebeur het.
Sy weergawe herinner sterk aan 'n gebeurtenis in Jesus se lewe, onmiddelik nadat Hy gedoop is. Ons lees dat Satan Jesus oor 'n tydperk van 40 dae versoek het (Luk4:1-13). Jesus kon Satan se versoekings weerstaan, maar Dawid nie. Dawid het ingegee, ondanks Joab se ernstige waarskuwing (vers 3). Dis die misterie van die sonde en Satan se rol daarin. Selfs 'n man na God se hart kan hiervoor swig.
Gelukkig eindig die hoofstuk nie daar nie. Die wonder van God se beskikking is dat Hy selfs ons sonde in diens kan neem. Só word Dawid se sonde die manier waarop Arauna se dorsvloer in sy besit gekom het (vers 22), waarop Salomo later die tempel opgerig het (2 Kron 3:1).

## Onlangse Bydraes

- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026